# KINDERKERK LES: Die koste van sonde

**Doel van les:**

- Kinders sal tydens hierdie les besef dat sonde skeiding bring tussen ons en God. God is regverdig en Hy moet sonde straf.

**Ysbreker: Stenig die sondaar**

Gee vir elke kind 'n stukkie papier wat hulle moet opfrommel in 'n balletjie. Vra dan een van die die leiers om te maak asof hy/sy ietsie steel in die klas en vang leier dan uit. Laat kinders saam besluit watter straf die leier moet kry. Die kinders moet in 'n sirkel rondom daardie persoon gaan staan.

**Sê:** In Jesus se tyd as mense gevang word waar hulle steel, dalk inbreek by iemand se huis, of enige ander dinge waar hulle teen die wet gaan, was die straf soms om gestenig te word deur die mense in die dorp. Stenig beteken met groot swaar klippe gooi. Dink julle ons moet hierdie skelm stenig? Die kinders sal waarskynlik ja antwoord. Laat hulle die krimineel "stenig". Maak seker dat hulle mag nie die papiere te hard gooi nie.

**Vrae:**

- In ons tyd wat doen die polisie met mense wat steel, inbreek, mense doodmaak en ander dinge wat die wet breek? (Hulle gaan tronk toe)
- Dink julle dis reg dat hulle tronk toe gaan? (Gee geleentheid vir kinders om te antwoord en hulle gevoelens te deel oor hierdie vraag)

Verlede week het ons het geleer dat ons almal sonde doen en dat sonde "gross" is. Ons weet dat sonde God baie ongelukkig maak. Om sonde te doen, is nie goed vir ons nie.

**Sê:** Vandag wil ek julle bietjie vertel van iemand in die Bybel wat sonde gedoen het en wat toe gebeur het met hom.

**Storietyd: Lees/vertel Joshua 7:14-26** (Kry mooi jas, silwer foelie en goue muntstukke, slaan klein tentjie op en "begrawe" dit in tent. Identifiseer kinders of leiers wat die storie kan uit "act" vir kinders)

Daar was eendag 'n stad met groot mure rondom. Hierdie stad se naam was Jerigo. Die Israeliete, God se volk, het geluister na God se bevele en God het die mure rondom die stad net laat inmekaarval sodat die Israeliete die stad vir God kon wen. Jerigo het sommer baie goud, silver en ander kosbare goed gehad. Joshua, die leier van die Israeliete, het vir die Israeliete gesê dat hulle niks van die goud of silver vir hulleself mag vat nie. Hy het gedink dat al die Israeliete geluister het na hom.

Na die geveg van Jerigo, het Joshua sy mense gelei na die volgende stad, Ai. Joshua het mans gestuur om te gaan kyk hoe die stad Ai lyk en of hulle baie sterk is. Die manne het laat weet dat hulle nie baie soldate hoef te stuur nie. Net so 3 000 sal genoeg wees.

Maar weet julle wat? Daardie dag het die soldate van Ai die Israeliete gewen! Hulle het 36 soldate doodgemaak en Joshua se manne moes weghardloop!

Johua was so hartseer dat hy se klere geskeur het en op die grond geval het. Hy het gebid en gehuil en vir God gevra hoekom hulle dan verloor het teen Ai.

Toe het God hom geantwoord: "Staan op Joshua, hoekom lê jy dan op jou gesig? Onthou dat Ek vir julle gesê het julle mag nie goud of silver of enige iets in Jerigo vir julle vat nie? Iemand het wel van die goed vir hulleself gevat en dit weggesteek."

Maatjies, al was daar net die een persoon wat nie geluister het na God nie, het God al die Isrealiete gestraf. God het vir Joshua gesê om die hele volk bymekaar te kry en Hy sou vir Joshua wys wie sonde gedoen het.

(Hier kan jy al die kinders kry om bv die stamme uit te beeld en ook die families)

Vroeg die volgende oggend het Joshua al die mense bymekaar geroep. Hy het hulle vertel wat God gesê het. Niks kan van God weggesteek word nie. Die twaalf stamme van Israel het voor Joshua gestaan en God het vir Joshua gewys dat die skuldige persoon aan die stam van Juda behoort.

(Hier kan jy al die kinders in stamme laat staan bv en dan Juda laat alleen vorentoe kom. Deel kinders op in die families en laat hulle verby Joshua stap. Kies dan 'n Agan wat alleen voor Joshua sal staan.)

Volgende het die baie groot families van Juda voor Joshua gekom en die Sargiete is gewys. Al die Sargiete het voor Joshua gekom en die Here het vir Joshua gewys dat die skuldige uit die familie van Sabdi kom. Toe het God vir Joshua gewys dat die skuldige man se naam Agan is.

Toe Joshua vir Agan vra of hy sonde gedoen het, het Agan gesê dat hy goed gesteel het by Jerigo. Hy het 'n mooi mantel, goud en silver gevat en dit begrawe onder die grond in sy tent.

(Hier kan jy kinders of leiers gebruik om vinnig in die tent te gaan soek vir die jas, goue muntstukke en silwer.)

Joshua het manne gestuur om vinnig te gaan soek in Agan se tent en al die goed gekry.

Dit 'n baie slegte ding wat Agan gedoen het. Omdat hy die goed gesteel het, is hy en sy hele familie gestraf. Hulle is almal gestenig.

**Vrae:**

- Wie het nie geluister na wat die Here gesê het oor Jerigo nie? (Agan)
- Wie is almal gestraf deur sy sonde? (Die hele Israel)
- Wat het met Agan gebeur? (Hy is dood)

**Illustrasie: Sonde bederf**

'n Klein bietjie muf kan 'n toebroodjie bederf. Net so bederf selfs 'n klein bietjie sonde 'n mens.

Kry twee snye brood en gooi 'n paar druppeltjies groen voedselkleursel op die brood. Jy moet dit laat lyk asof daar muf op die brood is.

Jy gaan maak asof jy 'n lekker toebroodjie maak met die brood wat muf lyk om te wys hoe 'n klein bietjie muf 'n goeie toebroodjie kan bederf. Vergelyk dit met hoe selfs 'n "klein sonde" 'n mens kan bederf.

**Sê:** Ek is nogals honger. Ek wil net gou vir my 'n toebroodjie maak voor ons verder gaan met die les. (Neem die goeie stuk brood en sit dit op 'n bordjie neer.)

Ok hier is die eerste stukkie brood. Dis mos 'n goeie begin vir 'n lekker toebroodjie. (Haal tweede stukkie brood met voedselkleursel op) Oh gross! Hierdie sny brood het dan muf op. (Wys muf op brood.) Ek gaan dit nie eet nie. Hoeveel van julle sal 'n toebroodjie eet met muf op? Stem julle saam dat selfs 'n klein bietjie muf 'n lekker toebroodjie kan bederf.

Net soos daardie muf my keer om my broodjie te eet, keer sonde my om in die hemel te kom. Dis beter om weg te bly van sonde af sodat dit nie ons lewens bederf nie.

Sluit af met gebed in groepe.